

In This edition of:
THE HOORGLASS

Dear Friends	2
Hotel Drostdy - 'n Lewende Museum	5
Rante vir elke kwaal	12
Anglo-Boereoorlogmonument Graaff-Reinet	16
Reminders	24
Die Laaste sê....	24

ARTIKELS / ARTICLES:

ANZISKE KAYSTER

CHRISTA HAHN

JOHANNES HAARHOFF

REDIGERING / EDITING:

ANSIE MALHERBE &

PETER WHITLOCK

DRUKWERK EN PRODUKSIE /

PRINTING & PRODUCTION:

DENISE VAN WYK

BAPHIWE NGANDI

KATRIENA BOOYSEN

VERSPREIDING/DISTRIBUTION:

JAMES VAN RHYNERS &

ZENEWIN ISAKS



Dear Friends

A little more than a year from now, my eldest will be leaving home. This prospect has left me plotting and planning furiously to encourage him to always find his way home. Home where the good food is and the love of a sibling and parents. Home filled with tradition and the faint but palpable presence of previous generations.

I am especially concerned about coming home over the festive season. These days the younger generations often find themselves at "Plett" or similar holiday hangouts with substandard beach fare to enjoy on Christmas day accompanied by inappropriate entertainment (or so it seems). Food seems of a lesser importance if Facebook is to be trusted as a reliable source!

One of the reasons that our family holiday commenced AFTER

Christmas day, was my mother's refusal to cook an entire Christmas meal in a tent on an open fire or a primus stove. Of course we had no access to a holiday home or a *Gypsy* caravan and a holiday chalet was an unknown privilege. Incidentally, the word *chalet* held some fascination for me. When I was about ten or twelve, I believed it to be a small round dwelling with a thatch roof and outside ablution facilities. This idea originated from our visit to *Nekkies*, a holiday resort on the outskirts of Worcester, where I encountered a chalet for the first time. Pigeons roosted in the rafters, uncomfortable built-in beds graced the sleeping area and the inside of the bathroom was visible to all and sundry. In any case, and as I might have mentioned on a previous occasion, on Christmas day we stayed at home.

My grandmother, always subtly, encouraged us to select our future partners from “people who are more or less the same as us”, meaning that it would be a bonus if they attended the same church, or lived in a similar home in a similar suburb and kept the same Christmas traditions that all Coloured families share. Today, I comprehend why it was so important to her as it just means less hassle and less conflict as partners from similar backgrounds know instinctively how to navigate their respective in-laws. As my grandma used to say: “it’s in the bones!”. Imagine how she’d be chastised today for displaying such snobbish behaviour, although I am fairly certain that we all share a similar experience or identify with this notion in one way or another.

Speaking of tradition: I can recall how carefully my future in-laws and my parents negotiated our wedding celebrations. The groom was expected to pay for the drinks and the flowers and the bride’s parents, traditionally, had to fund the

reception and all the trimmings. I fitted seamlessly into the folds of my new family because both my husband and I knew what to expect. We were well aware, for example, that we had to be home for Christmas lunch, either in Kraaifontein or in Graaff-Reinet, depending on whose turn it was in any particular year. About a month after our wedding on Christmas Eve, my husband and I and both of his siblings gathered at their family home to begin the year’s Christmas celebrations. The tree was standing at attention, decorated and placed in a small paint can covered with gift wrap, just like my grandfather used to do. I, by then, really felt the festive season! Later that evening my father-in-law read an appropriate passage from the Bible after which we all recited the Lord’s prayer. My excitement grew! After all it was my first Christmas as a married woman and I could not wait for the clock to strike twelve. Gifts awaited! We chatted for a while, had something to quench our thirst and then.....

WE ALL WENT HOME!

No gifts, no gift wrap covering the floor, nothing, nada! I had to wait to open my gift after the church service on Christmas Day. Totally floored and disappointed, I almost cried...

After almost twenty one years of marriage, I realised that although families may look the same to the outside world, each one has a unique make-up that only its members are privy too. The nuances of respect and appreciation, the understanding of ritual and routine, all coalesced into one thing, the family tradition.

The funny thing about family traditions, however, is that new ones are created as life happens along. My brother does not attend our Christmas Eve celebrations any longer, for example, since he lives about 30 kilometers away from our family home and finds it hard to travel at night and negotiate Christmas Eve traffic. We don't buy gifts for every single family member anymore as it has just become too expensive. Adults buy gifts for every

child and select the name of another adult, for whom they are to pay a gift, from a hat. The cost of the gift should also not exceed R150: and that's A-okay!



TRADITION
is just peer pressure from
DEAD PEOPLE

I also observed similar changes at my in-laws. When the first grandchild arrived, they started the tradition of opening gifts at seven o'clock on Christmas Eve. They could not wait to experience her excitement, and secretly I was delighted. My husband and I still sit on the same couch in front of the same window, in the same house in Springbok Street, on Christmas Eve. In subsequent years our two boys joined us on that couch. It's such a happy time. Although we are well aware that before we know it we might have to start our own Christmas tradition in our own home for the sake of our own grandchildren, we for now, still have the opportunity to spend time with both sets of parents every other

Christmas. We are extremely privileged and I sincerely hope that my children will adopt the Christmas tradition of spending time with family when the time comes.

May this Christmas time bring you nothing but fond memories and a happy time with your family. Have a blessed Christmas and a happy New Year!

- Anziske

HOTEL DROSTDY - 'N LEWENDE MUSEUM

Graaff-Reinet se Drostdy is die tweede oudste in Suid-Afrika en is in 1805 voltooi. Die Drostdy te Swellendam is sowat vyftig jaar vantevore opgerig.

Die bekroonde argitek Louis Michel Thibault is aangestel om die gebou te ontwerp, maar omdat dié Fransman nooit persoonlik oor die verloop van die bouery toesig kon hou nie, het die plaaslike vakmanne

sy ontwerp vrylik en na willekeur aangepas en die resultaat was dat die koepel van die voorgewel 'n afgeplatte trapgewel geword het. Dit is met 'n ruwe lys aan die halfsirkelvormige bo-stuk vasgeheg en oordadig met stermotiewe versier. Ook het Thibault se vierkantige 18de-eeuse vensters soos in sy oorspronklike sketse uiteengesit, plek gemaak vir die hoë skuifraamvensters wat die voorkant van die huidige gebou kenmerk.

Op 31 Desember 1827 het die laaste amptelike vergadering van die landdros en heemraden in die Drostdy plaasgevind. Daarna sou die pligte van die landdros deur magistrate en siviele landdroste oorgeneem word. Egbertus Bergh was die eerste magistraat wat die Drostdy tot in 1834 bewoon het. Hy is deur Willem Cornelis van Ryneveld opgevolg wie tot en met sy dood in 1852, die Drostdy bewoon het.

Die Drostdy het tot die begin van 1847 sy amptelike rol vervul en is in Januarie 1847 op 'n openbare veiling aan J F Zervogel vir die som van

£3 860 verkoop. Ziervogel het geen moeite ontsien om die gebou in ere te herstel nie, maar moes in latere jare die gebou weer verkoop aan die Heer Schultz wat dit op sy beurt weer aan Henry Conrad Kromm verkoop het.

In 1876 doen Kromm aansoek om 'n dranklisensie vir sy nuwe besigheid, die Drostdy Hotel. Terselfdertyd is uitgebreide veranderings aan die gebou aangebring om dit vir gaste geskik te maak. In 1879 is die gewels gedeeltelik verwyder en 'n sinkdak het die oorspronklike rietdak vervang. Die hotel het met tien kamers, 'n biljartkamer, 'n eetkamer met plek vir vyftig gaste en stalle vir negentig perde, gespog.

In die jare wat volg, sou die hotelwese nie heeltemal vlot nie. Die ontdekking van diamante in Kimberley het die sakewêreld se aandag noordwaarts laat verskuif en die nuwe spoorwegstelsel het ook daartoe bygedra dat die dorp nie meer as so 'n vername transportroete beskou is nie. Intussen het die Drostdy gedurig van

eienaar verwissel totdat dit in 1975 aan die Oude Meester-groep verkoop is en in samewerking met Historiese Huise van Suid-Afrika Bpk. tot sy oorspronklike glorie van 1805 gerestoureer is. Vandag is die Drostdy Hotel deel van Newmark-groep, 'n rigtingaanwyser in die Suid-Afrikaanse hotelwese.

Christa Hahn is 'n bekende Graaff-Reinetse persoonlikheid wat vir jare die Algemene Bestuurder van die Drostdy Hotel was. Sedert haar aanstelling tot en met haar aftrede het sy 'n skatkis vol herinneringe oor versamel. Baie daarvan is vervat in haar persoonlike argief waarvan sy 'n gedeelte reeds aan die Graaff-Reinet Museum geskenk het. Dit was 'n voorreg om na haar te luister, haar kennis oor Graaff-Reinet is verstommend. In hierdie uitgawe van Die Uurglas deel sy graag van haar herinneringe oor die Drostdy Hotel (of Hotel Drostdy soos sy dit noem) met ons lesers:

Dit is met groot heimwee en terselfdertyd ongelooflike trots dat ek graag die volgende neerpen sodat

almal kan verstaan waarom ons geliefde Hotel Drostdy plaaslik so bemind was en wêreldwyē bekendheid verwerf het.

Aangesien ek gevra is om oor my persoonlike termyn en ervaringe te gesels strek dit oor die periode 01 Maart 1986 tot en met 31 Julie 2007.

'n Baie elegante senior heer het eendag in die voorkamer gesit en koffie drink met sy netjiese hoed en kierie langs hom. Toe ek van die ontvangs af inkom, roep hy my en vra: "Juffie, werk jy hier?" Toe ek bevestigend antwoord, sê hy: "Dit moet 'n ongelooflike ervaring wees, want orals waar jy trap, trap jy op kultuur!"

Die sukses van 'n organisasie lê in sy personeel en ons het deur die bank ongelooflike kollegas gehad wat hulle hart en siel in hulle take gesit het. Aangesien daar 108 personeellede was, is dit onmoontlik om almal uit te sonder, maar daar was spesiale persone en ek sal onmoontlik almal in hierdie artikel kan uitlig. Vergewe my dus as ek nalaat om iemand te noem.

PELS-KOLLEGAS:

Lulu:

Ons geliefde Lulu het male sonder tal met tepels wat op die grond hang by ons kom kos soek. Sy was net vel en been en elke keer nadat ons haar goed gevoed het is sy na die Diere Beskermingsvereniging geneem.



Lulu Drostdy: Die gaste het graag foto's van haar geneem

Haar sogenaamde eienaar, wat eintlik net met haar geteël het (sy het aan twee werpsels die lewe geskenk voordat sy 18 maande oud was), het haar dan weer gaan haal en so het dit voortgegaan. Soveel so, dat die D.B.V. haar as gevolg van verwaarlozing permanent van haar ondier-eienaar verwyder het. Aanvanklik het ek 'n oproep van Edie Marais ontvang om te vra of ons sal belangstel om Lulu aan te

neem, aangesien sy toe ook “reggemaak” (gesteriliseer) is. Ek moes eers toestemming by ons direkteur kry om ‘n pelskind deur die hotel te laat aanneem en ná konsultasie met Ma Bet Vorster, wat goed vertroud was met Staffordshire Terriërs, het ons vir Lulu amptelik aangeneem. So het sy dan Lulu Drostdy geword. Ons was géén dag daarna spyt nie. Bo en behalwe dat sy geliefd was onder die personeel, was die gaste ook ongelooflik beïndruk met Lulu.

Sy het almal vriendelik by ontvangs ontvang en begelei na hulle kamers in Stretch’s Hof en dan weer geduldig teruggestap om weer haar vriendelikheid met die volgende gaste te deel. Vele gaste het haar ook saans by hulle in hulle beddens laat oornag! Aangesien sy in my kantoor op haar gunsteling bank geslaap het, was dit dan ‘n gesoek vir ‘n vale, net om haar ewe windmakerig die volgende oggend by ontvangs te vind.

Lulu was angsbevange om veearts toe te gaan en dus moes Dr Roland Larson altyd tuisbesoeke in my kantoor kom doen. In 1997 het Lulu

ook ‘n kursus saam met die huishouding se personeel gedoen en daarvoor ‘n sertifikaat vir dienslewering ontvang.

Miss Lulu Graduates

by Neville Naidoo

I presented a chambermaids course from 2 to 4 March 1997 at the Drostdy Hotel Graaf-Reinet. In total 10 chambermaids were trained. One trainee, the executive Housekeeper, Ma Bettie Voster, has a dog called Lulu who followed Ma Voster everywhere she went, so not surprisingly Lulu attended the course. On the final day I did a report back with the General Manageress and Ma Voster and on telling them that they had all done well in the course and that their certificates would be posted to them, we heard a woof from under the table. Lulu was reminding us that she had also attended the course, so naturally we sent Lulu her very own certificate.



Gaste het graag foto’s van Lulu saam met hulle gesinne geneem. Mettertyd het sy ‘n persoonlike jaarlikse begroting vir haar voedsel en veearts-kostes gekry, maar haar verblyf was altyd komplimentêr.

Lulu is stil in haar slaap op die ouderdom van 12 jaar oorlede en is in die Drostdy-tuin begrawe. Haar pragtige grafsteen is deur Mnr Jan Germishuizen geborg. Ons was almal verlore nadat sy weg is. Ongelukkig is ek gevra om die steen te verwyder nadat die nuwe ontwikkeling by die Hotel Drostdy ‘n aanvang sou neem.

Boesman:

Op twee geleenthede het ek 'n Ierse Terriër gered nadat hy in besige verkeer angsbevange en amper besete geraak het as gevolg van donderweer. Ek het hom die eerste keer goed gevoed en daarna D.B.V. toe geneem. Met die tweede reddingspoging het die D.B.V. teen daardie tyd reeds geweet wie die eienaar van die hond was. Ek wag toe maar geduldig totdat die eienaar opdaag en vertel hom toe presies wat ek van sy nalatigheid dink. Ewenwel, die eienaar, Mnr Danie Jackson, het my gaan wys net hóé veilig sy eiendom omhein is en toe eers besef ek dat Boesman oor 'n ses voet hoë muur kon klim.

Teen daardie tyd het hy geweet waar hy hom wil tuismaak. Vroeg soggens, sodra hy sy baas sien vertrek na Die Polisie-akademie waar hy werksaam was, het hy van boom tot boom in Bourkestraat tot by die Drostdy gestap, waar hy hom tuisgemaak het totdat sy eienaar hom na werk kom haal het. As sy baas met vakansie gegaan het, het hy permanent by ons as gas vir drie weke ingewoon.

Boesman was gek daarna om in die Kombi te ry en sy neus was baie skeef as hy agter moes sit.


Vir sy spesie, het Boesman baie oud geword (15 jaar), hy was feitlik doof en blind en ons het verkies dat hy pal by ontvangs op 'n kussing rus. Ongelukkig het oorsese gaste hom saamgeneem en nie behoorlik na hom omgesien toe hulle die Jan Rupert-kunsmuseum besoek het nie en so is die baie "streetwise" hond in Kerkstraat doodgery. Ons was wééreens intens hartseer en sy baas en ek het goed gedink dat hy langs Lulu begrawe word, maar ook dié grafsteen moes ons verwyder met die nuwe ontwikkeling.

BIEGVADER: TONY MEYER:

Tony Meyer en Jane Voetpad was die personeel wat die langste by die gerestoureerde Hotel Drostdy gewerk het; vanaf 26 Oktober 1977 tot en met ons aflegging op 31 Julie 2007.

Daar was baie gerehabiliteerde Graaff-Reinetse alkoholiste wat skelm agter die pilaar 'n paar canes & cokes kom afsluk het en nōoit het Tony gepraat nie. Ek sou net

toevallig daar instap en sien wat gebeur, maar dit was altyd ons geheim.



Vader van vele... Tony Meyer, kroegman by die Drostdy Hotel.

Foto's: MARISKA PETZER

Tony het nooit sy geheime verklap het en het altyd geglo dat baie van die geheime jou op die "platstoep" (die hof) kon laat staan. Hy het sy mond gehou al het menige jongmanne, vandag al ou manne, by hom kom huil of raad kom vra oor die liefde.

Tony was een van die mees-afgeronde kroegmanne wat ek geken het en het "flair" gehad. Hy was voorwaar 'n kenner op sy gebied. Tony het die resep vir die **Gert Smit** by einste Gert Smit, voormalige burgemeester van Graaff-Reinet, aangeleer en tot 'n landswye fenomeen ontwikkel. Hierdie drankie het bestaan uit 'n goeie skeut

boegoebrendewyn, bitters en sodawater en was baie goed vir allerhande skete. As jy 'n Gert Smith drink, dan "smile" hy wat Gert Smit is, altyd vir jou!

DROSTDY-BROOD:

Nadat ek in 1986 by die Hotel Drostdy begin werk het, het Ouma Elsie Yeyane by ons aangesluit. Sy het voorheen vir 30 jaar by die Bergers, vorige eienaars van die Graaff-Reinet Hotel gewerk, en daarna 2 jaar saam met my. Toe ons die Graaff-Reinet Hotel verkoop, was sy sielsongelukkig met die nuwe eienaars en het ek haar met ope arms by Hotel Drostdy ontvang.

Saam met Mabet Vorster het hulle die Drostdy-brood geskep, wat later nasionale en internasionale bekendheid sou verwerf. Soveel so dat ons 4 brode wat 2kg elk geweeg het na Japan en Amerika vir Mnr Gary Player moes koerier.

Ouma Elsie was 'n wonderwerk, aangesien sy nie eers haar naam kon teken nie. Sy het oor 'n 100 warm poedingresepte van die hoogste gehalte gemaak sonder 'n geskrewe resep.



RISING TO THE OCCASION . . . Cook Elsie Yeyane and Drostdy Hotel manager Christa Hahn with the mouth-watering bread that golfing legend Gary Player can't get enough of.

Picture: Traci Mackie

Sy het gesê sy het dit by Martha Berger geleer. Tot vandag toe het ek nog nooit weer so 'n lekker Roly Poly geëet soos Ouma s'n of haar lekker Kerspoedings wat sy al in Augustus begin maak het nie.

BEROEMDES:

Aangesien daar net té veel bekendes en beroemdes oor ons drumpel gestap het, gaan ek net twee uitsonder, bo en behalwe MnR en Mev Anton Rupert.

President Nelson Mandela:

Een week voor die eerste demokratiese verkiesing op 20 April 1994, het die A.N.C. 'n noenmaal vir die plaaslike boeregemeenskap gereël waarna Madiba na die Collie Koeberg Stadion geneem is. Vandag is ek nog steeds verstom en sprakeloos oor die honderde mense wat deur die hotel gestroom het. En dit sonder om iets te breek of 'n blommerangskikking te vermorsel. Dit was 'n ongelooflike dag gewees.

Met die plaaslike munisipale verkiesing was Madiba al president en het weer by ons in die swembadarea 'n noenmaal bygewoon en toe gevra vir 'n halfuur om net alleen te sit en rus. Toe hy op die punt staan om te vertrek, het hy my om my skouers geneem en gesê: "I wish I could engineer an excuse to spend a week here at this beautiful venue!"

Kathy Bates:

In 1991 is sekere tonele van *Road to Mecca* op Nieu Bethesda verfilm en het Kathy Bates vir 5 dae by ons tuisgegaan. Sy was toe benoem vir 'n Oscar wat sy dan ook die volgende

week sou ontvang vir die rolprent Misery. Die Oscars sou plaasvind kort na haar vertrek uit Suid-Afrika en kon sy skaars behoorlik grondvat voordat sy haar weg na die geleentheid moes maak. Dit was baie insiggewend om te aanskou hoe sy haar uitrusting in detail beplan het asook alles wat daarmee gepaardgaan. Sy het dit tot in die fynste besonderhede uitgewerk.

Christa Hahn
2019-11-09

RATE VIR ELKE KWAAL: WEES VOORBEREID VIR DIE KOMENDE KERSSEISOEN

Let wel: Hier en daar is die grammatika en spelling verander sodat die teks makliker kan lees.

Ongelukke gebeur elke dag en siekte klop gewoonlik saans aan jou deur wanneer die apteek gesluit en paramedici doodmoeg, voorkeur aan ernstige gevalle gee.

Dalk kan hierdie help wanneer die nood roep:

DORINGS EN SPLINTE

- Om met 'n doring klaar te speel, vang 'n klompie vlieë, draai hulle toe in 'n skoon lap en druk hulle dan fyn (kyk maar weg). Sit dan die kaal vlieë met die lappie oor, op die doring. Die vlieë trek die doring heeltemal los van die vleis af waarna dit maklik uitkom. Jy kan dit dan met 'n tangetjie of met jou naels maklik uit trek.
- Mense sê 'n vlieg is so vuil, maar dit is nou net daardie vuil aan hom wat so goed is om die doring of splint gou te laat sweer en dan maklik te kan uitdruk. My pap maak ek so aan: vat 'n stukkie brood, 'n bietjie blouseep (fyne gemaak) en 7 vlieë, maak nat met spoeg en sit dit aan. Binne 8 uur is die doring ryp en dan kan jy hom uitdruk.
- Neem Sunlight seep en wit suiker en maak goed deurmekaar soos 'n pappie en sit op die plek waar die doring ingestEEK het en draai mooi toe, maar nie te styf nie, maar darem dat dit die pleister vas hou. Dit sal 'n bietjie brand, maar 'n mens kan baie uitstaan om daardie

gevaarlike ding uit 'n mens se liggaam te kry.

VISGRAAT OF BEENTJIE IN KEEL

- Neem 'n stukkie watte, smeer dit vol botter of selfs vet, net wat in voorraad is, gee dit vir die persoon om in te sluk. Daarmee word die voorwerp in die keel dan ook afgesluk, en weg is die gevaar.
- Gorrel dadelik koeksoda, opgelos in water. Dit kan taamlik sterk aangemaak word. Die mangels sal krimp en die graat sal uitkom.

AS IEMAND 'N SPELD

INGESLUK HET

- Gee groot hoeveelheid ertappels, en nie ander voedsel nie totdat die speld gepasseer het. Onder geen omstandighede moet purgeermiddels gegee word nie.

VOORWERP IN DIE OOG EN

OOGBESERINGS

- As 'n mens 'n vuisslag op die oog gekry het, neem warm Engelse sout-water (1 teelepel Engelse sout in 1 koppie warm water) en sit dit op die oog.



- Soms waai daar iets in jou oog (veral op die plaas), of soms kyk jy by 'n treinvenster uit en 'n stukkie steenkool of iets waai in jou oog. Al wat jy doen, is moenie jou oog vryf nie. Trek die boonste lid oor die onderste. As iets in jou linkeroog is, druk nou jou regterneusgat toe en snuit hard deur jou linkerneusgat en die ding is alreeds uit jou oog. As dit in jou regteroog is, trek die boonste lid oor die onderste en druk linkerneus toe en snuit hard deur jou regterneusgat. Soos gesê, as dit reg gedoen word, slaag dit altyd, tensy iets vassteek of vasbrand in jou oog.
- Sit dadelik 'n stuk warm rou lewer op, of 'n stuk warm boudvleis ook rou, vir enige oogbesering.

VOORWERP IN DIE NEUS

- Hou die gesonde neusgat toe en blaas hard in die mond van die kind. Die boontjie of voorwerp sal dan uitspat.

SONSTRAAL

- Laat die person 'n paar kasterolieboomblare vir 2 weke lank elke dag in sy hoed dra. Dan is hy gesond.
- Maak ou suurdeeg clam, sit dit tussen 2 linnelappe van die nek af tot op die kroontjie. Sodra dit droog is, herhaal weer.
- Gee hom kou water om te drink. Bring hom in die skaduwee en laat hy lê op sy rug met sy kop baie hoër as sy onderlyf en sprinkle hom dan met kou water en lê yskoue lappe op sy kop en op sy nek.

SNYWONDE: BLOEDING

- Neem 'n plat klip en laat 'n paar druppels bloed daarop val. Sit dit dan presies net so op sy plek terug. Neem 'n volgende een en keer dit om. Laat die bloed op die onderkant val. Sit hom ook weer baie mooi in dieselfde plek terug. U

sal verbaas wees hoe die bloeding ophou.

- U moet van die roltabak 'n blaar afdraai en dit goed natmaak. Plaas dit op die wond en draai dit styf vas met 'n verband. Hou dit op totdat u voel die tabak is hard so droog is dit. Haal dit af, en as dit nog baie bloei sit dan weer 'n stuk van die tabak op.
- Neem die wit van 'n hoendereier, gooi daarby omtrent 'n $\frac{1}{2}$ teelepel aluin en sit dadelik op die wond en bind vas. Die bloeding sal byna dadelik stop.
- Gooi 1 teelepel borrie in 'n $\frac{1}{2}$ koppie water en drink dit. Die bloeding sal dadelik ophou.
- As 'n aar afgesny is, druk jy dit toe met die duim, sit 'n pennie op die plek waar die duim druk. Vat 'n linne band van 3 vingers breed. Draai dit styf om die plek, steek 'n stok deur die band, draai die band so styf laat die vleis uitpeul. Hou die arm of been omhoog. Moenie die band meteens los maak nie, gee altyd 'n bietjie skiet. As die band af is, druk die plek weer toe met die duim. Gooi dan gou

fyn gemaakte droë gifpol op, die bloed sal gou stop.

VERSTUITINGS

- Koop $\frac{1}{2}$ jaart swart sy of swart satyn. As die voet verstuit is, draai dit om en oor 'n uur en half sal hy reg wees. U hoef nie so groot om die vinger en arm te sit nie, net 'n strook. Swart sy lint is ook goed.
- Neem vars beesmis, meng met asyn en sit op die plek. Herhaal.

BRANDWONDE EN BRANDSERE

- As iemand met vet of vuur brand, neem die wit van 'n paar eiers, klits effens en sit op die brandplekke. Dit trek die kwaad baie gou uit en genees gou.
- Om brand uit te trek van wasem of water, neem fyn aluin en koue water, doop ou linnenlappe in en lê op die brandplek.
- Sodra u gebrand het met kookwater, smeer heuning aan. Dit trek brand uit.
- Trek dagga en drink soos tee.
- Neem 4 rissiepitte, sluk dit 3 maal op 'n dag op 'n dag af met bietjie

melk. Elke keer moet dit 4 pittee wees.

STINKNEUS

- Snuif lopende water op. Soutwater is ook baie goed, 1 teelepel sout op 'n glas warm water.

SLEGTE ASEM

- Gorrel met waterstofperoksiede, gemeng met water. Dit sal die reuk geheel en al vernietig.
- Gorrel met pietersieliewater.
- Kou kruienaeltjies of koffiepitte.

Uit Oupa en Ouma se Boererate, 1962

Baie van hierdie rate, al klink dit hoe vergesog, werk, veral die een waar in een neusgat geblaas word om 'n obstruksie in die ander te verwijder. Ongelukkig veroorsaak baie van hierdie rate meer kwaad as goed en moet dit gesien word in die lig van die tyd waarin dit geskryf is. Tog bring dit altyd 'n glimlag op die gesig en kan 'n mens nie verhelp om daaroor te wonder en dalk in die geheim oorweeg om dit te beproef nie.

Anglo- Boereoorlogmonument Graaff-Reinet

(Johannes Haarhoff, November 2019)



Kort na die vredesluiting van die Tweede Vryheidsoorlog in 1902, het die idee op Graaff-Reinet ontstaan om die dood van die agt Boerekrygers, wat tussen 19 Augustus 1901 en 14 Februarie 1902

op Graaff-Reinet tereggestel is, met 'n monument te gedenk. Die aanvanklike idee het van Adam J Erlank gekom, 'n bekende figuur in Graaff-Reinet wat vir jare as onderburgemeester gedien het terwyl Herbert Urquhart die burgemeester was. In April 1905 is 'n komitee saamgestel met Erlank as sekretaris om die saak verder te voer.¹ Die komitee het uit 29 lede bestaan:

CP Liebenberg (voorsitter) AJ Erlank (sekretaris)		
D Albertyn * D Blignaut * CO Botha CA du Toit * P du Toit CH Erasmus * CF Goedhals S Grobbelaar CG Joubert	GF Joubert A Laubscher * JH Laubscher * N Laubscher CHO Marais Ds PGJ Meiring JJ Minnaar JF Muller J Murray	CL Olivier * H Olivier * HC Olivier * FJ Retief AJ Smith HJ Smith * C van den Berg * Dr TNG te Water W van der Vyver

(Lede met asterisk gemerk, het as draers tydens die herbegrafnis opgetree)

In Maart 1908, na drie jaar se beplanning en geldinsameling in Graaff-Reinet en omgewing, tot sover as Oudtshoorn, is die eerste konkrete stappe geneem om die monument op te rig. Omdat die herdenking van die agt krygers die

¹ Inligting vanuit 'n dokument van Martha Erlank, sy dogter. Uit die privaatversameling van Paul van den Berg.

hoofmotief vir die monument was, is die idee van 'n monument uitgebrei na 'n plan om die liggeme van die krygers, wat op verskeie plekke in die distrik begrawe was, terselfdertyd bymekaar in die NG Kerk se begraafplaas in Cradockstraat te herbegrave. Sewe van die liggeme is toe opgegrawe – die agste liggaam van Kommandant Gideon Scheepers, soos Graaff-Reinetters weet, is nooit gevind nie.

Die komitee het beplan dat die monument op Kerkplein noord van die stadsaal opgerig moes word, op dieselfde terrein waar die doodsvonnisse oor die agt krygers uitgespreek is. Maar toe die afgevaardigdes van die komitee, CO Botha en H Olivier op 6 Maart 1908 die stadsraad gevra het vir die nodige toestemming om die monument daar op te rig, is die versoek geweier. Die politieke klimaat op Graaff-Reinet, wat erg verdeeld was tydens die Oorlog, was nog steeds gepolariseerd en die plaaslike owerheid was huiwerig om amptelike erkenning aan die "rebelle" te gee. Dit was in skrille

kontras met die Kaapse koloniale regering wat die projek wel ondersteun het deur 'n afslag van £75 te gee op die doeane- en spoorvraggelde om die beeld na Graaff-Reinet te vervoer.²

Een van die komiteelede, Jurie H Laubscher (die stigter van Graaff-Reinet se bekende poppfabriek), het toe die hoekie van sy erf op die noordwestelike hoek van die kruising van Somerset- en Donkinstrate kosteloos vir die oprigting van die beeld geskenk. Die stukkie grond van 22 m² is gedurende Mei 1908 opgemeet en op 26 September 1908 as Erf 431 by die Aktekantoor ten gunste van die Nederduits Gereformeerde Kerk geregistreer.³ Die stadsraad het wel die erfie van belasting vrygestel. Hierdie stand van sake geld vandag nog steeds.

² In Januarie 1908 is die imperialistiese Jameson deur die meer nasionalistiese John X Merriman as premier van die Kaapkolonie vervang, wat dalk 'n bydraende rede tot die ondersteuning kort daarna was.

³ Die NG Nuwekerk het eers in die tweede helfte van die 1920's afgestig.

Herbegrafnis

Die sewe liggame is opgegrawe en in 'n kelder in die Kerkhof bewaar. Die herbegrafnis het op die oggend van Woensdag, 2 Desember 1908 plaasgevind. Die verrigtinge het begin met 'n diens om 10h30 in die Groot Kerk waar 2600 mense saamgekom het, wat op daardie stadium bestempel was as die grootste begrafnis wat ooit op Graaff-Reinet gehou is. Ds AF Louw was die prediker met Psalm 97 vers 1 as teksvers.⁴ Die dodemars is deur MnR AO Wagner gespeel. Hierna het die lykstoet in Kerkstraat afgeloop, regs in Somersetstraat en weer regs in Cradockstraat tot by die begraafplaas. Elf van die komiteelede het as draers opgetree. By die graf het MnR Roux, 'n blinde evangelis, die skare toegespreek en Ds PGJ Meiring het die name

voorgelees van die krygers wat herbegrawe is.⁵

Die liggame is daarna herbegrawe tydens 'n seremonie waar HC Marais as koster en CHO Marais, 'n komiteelid, as seremoniemeester opgetree het. Een van die oorledenes (Fourie) se dogter het ook 'n handvol grond in die graf gegooi.

Onthulling van die Monument

Woensdag 2 Desember 1908 was 'n baie warm dag, maar 'n groot skare het reeds lank voor 15h00 by die monument vergader. 'n Platform is langs die monument opgerig waarvandaan die sprekers die skare toegespreek het. Dominee PK Albertyn het die seremonie geopen met 'n toespraak en gebed.⁶ Hierna het Generaal Esias Grobler die monument onder groot toejuicing onthul. Dit is gevolg deur CP Liebenberg, die komiteevoorsitter, wat die volgende bedankings gedoen het:

⁴ Ds AF Louw was 'n leraar van die NG Kerk op Graaff-Reinet vanaf 1894 totdat hy in 1900 hy as vrywilliger na St Helena vertrek het om die 5000 krygsgevangenes daar geestelik te bedien. Tussen 1908 en 1912 was hy weer as medeleraar op Graaff-Reinet en vanaf 1917 tot 1920 leraar op Aberdeen.

⁵ Ds PGJ Meiring was van 1904 tot 1907 leraar op Graaff-Reinet. Ten tyde van die herbegrafnis was hy leraar in die Paarl.

⁶ Ds PK Albertyn was leraar op Graaff-Reinet van 1904 tot 1921.

- Die beeldhouers in Italië wat ‘n groot afslag op die beeld se maak gegee het;
- Jurie Laubscher vir die skenk van die grond;
- Die Kaapse regering vir die afslag op spoorvrag en doeanegeleentheid;
- Die Hollandse Debatsvereniging vir die skenk en oprig van die tralies;
- JS Gouws, James Murray and Mej le Roux vir die skenk van drie betonblompotte;
- Mr Schimper vir die gratis oprigting van die monument;
- Mr JS Brummer vir die gratis gebruik van sy lykswa;
- Mr J Germeshuizen en die Hollandse Debatsvereniging vir die skenk van die doodskiste; en
- Die NG Kerk vir die skenk van die graf

Ds PGJ Meiring het vervolgens verskeie brieve voorgelees, onder andere van President MT Steyn, Generals De Wet en De la Rey, Olive Schreiner, Onze Jan Hofmeyr, JW Sauer, FS Malan en vele ander hooggeplaaste.⁷ ‘n Aantal redes

deur Generaal Froneman, Kommandant Lategan, Kommandant Conroy (almal oudstryders uit die Tweede Vryheidsoorlog) en die skrywer G Jordaan het gevolg.⁸ Die geleentheid is afgesluit met ‘n kranslegging deur W van den Berg namens die Aberdeense Bondsmanne en ‘n kollekte waartydens £53 ingesamel is, wat die komitee nog steeds met skuld van £54 gelaat het. Die dag se verrigtinge het met ‘n aanddiens in die Groot Kerk, gelei deur Ds PGJ Meiring, tot ‘n einde gekom.

Die Monument Self

Die monument het uit die staanspoor as die SCHEEPERSMONUMENT bekend gestaan. Dit was die naam tot 1978, toe ‘n tweede monument langs die Nqwebadam opgerig is, 100 jaar na die geboorte van Gideon Scheepers. Hierdie monument was vanselfsprekend ook as die

Konvensie wat tussen 23 November en 18 Desember in Kaapstad gehou is, waaroor die komende Uniewording in 1910 onderhandel is.

⁸ G Jordaan was die skrywer van die boek “*Hoe zij stierven. Mededelingen aangaande het einde dergenen, aan wie gedurende de Oorlog 1899-1902, in de Kaap-Kolonie het doodvonnis voltrokken is.*”

⁷ ‘n Hele aantal oudstryders kon nie die onthulling bywoon nie omdat hulle deelgeneem het aan die Nasionale

SCHEEPERSMONUMENT bekend. Hierna is die eerste monument toe blykbaar spontaan in die volksmond herdoop na die ANGLO-BOEREOORLOGMONUMENT om die twee monumente te onderskei, die naam wat vandag algemeen in die dorp sowel as op die internet gebruik word.

Die komitee het 'n beeldhouersfirma in Carrara, Italië genader om die beeld te maak. Die aanvanklike kwotasie was blykbaar te duur vir die komitee, want hulle het toe 'n stel presiese instruksies aan die firma gestuur van wat hulle wil hê, waarna die firma hulle kwotasie met €100 verminder het. Die staande figuur moes presies volgens Generaal de Wet gemodelleer word; die gestorwe soldaat volgens Kommandant Scheepers. Foto's van die twee gesigte is na Italië gestuur. Die komitee het verder gegaan en skynbaar ook foto's van twee persone uit die gemeenskap aangestuur wat nagenoeg dieselfde liggaamsbou as De Wet en Scheepers gehad het, naamlik Carel Liebenberg (voorsitter van die

komitee) en Bertie Meyers. Hiervolgens het die beeldhouers in Italië 'n model gemaak en die afgietsels na Graaff-Reinet teruggestuur vir die komitee se goedkeuring voordat die beeld voltooi kon word.⁹ Figure 1 en 2 wys die gesigte van De Wet en Scheepers van foto's sowel as van die beeld.

Die monumentbeeld 'n man met 'n geweer uit wat die liggaam van 'n gevallen soldaat ondersteun. Figuur 3 wys die beeld soos skuins van bo gesien. Langs die gevallen soldaat lê 'n gebreekte geweer in twee stukke op die grond, wat die verlies en oorgawe van die Boererepublieke simboliseer. Die beeld staan bo-op 'n hoë voetstuk sodat die gebreekte geweer nie van straatvlak sigbaar is nie. Dit lyk dus asof die beeldhouers in Italië nie oor die hoogte van die beplande voetstuk gewaarsku is nie, met die gevolg dat besoekers aan die monument van 'n belangrike detail van die beeld ontneem word. Die beeld is op verskeie geleenthede in die verlede gevandaliseer

⁹ Brief van Erlank se dogter. Uit die privaatversameling van Paul van den Berg.



waartydens die staande kryger se geweerloop, sowel as die delikate geweerband, afgebreek is. Dit is telkens deur die Rapportryers herstel, maar na die laaste aanval het die afgebreekte stukke verlore geraak. Om die monument vandag volwaardig te herstel, sal gespesialiseerde restourasie met oorspronklike Carrara-marmer verg. Figuur 4 wys die detail van die oorspronklike geweer en geweerband teenoor hoe dit nou lyk.

Bronne

Tensy anders vermeld, kom die inligting vanaf Loock, Johnnie (1952) *Offisiële Gids van Graaff-Reinet* uit die privaatversameling van Johan Loock. Die argieffoto's in Figuur 1 kom vanaf die internet, Figuur 2 uit die Graaff-Reinet Museum en Figuur 4 uit die privaatversameling van Paul van den Berg. Die res van die foto's is deur die skrywer geneem.



Figuur 3 Monument met gebreekte geweer,
langs die gevallie kryger



Figuur 1. Generaal de Wet: Vergelyking tussen skets en beeld.



Figuur 2. Kommandant Scheepers: Vergelyking tussen foto en beeld.



Figuur 4. Geweerloop en geweerband: toe en nou.

REMINDERS:

At this stage we are unable to say with certainty whether restoration work will be completed at The Old Library in time for the holiday season. Our festive opening hours, however, remain unchanged from previous years: all the museums will close at 15h00 on 24 and 31 December. All museums will be closed on 25 December 2019 and 01 January 2020. Please consult our Facebook page for further particulars.

Please advise your visitors that Graaff-Reinet is a drought-stricken area. Please ask them to use water sparingly and encourage them to use ablution facilities prior to visiting the Museum particularly over weekends and on public holidays. Unfortunately we rely on the assistance of relief staff on weekends and public holidays and they are often unable to ensure that toilet cisterns are kept full for the flushing of toilets during the all too regular water failures.

Please also advise visiting friends and family that genealogical, or any other research, is done by appointment only. During December we are invariably inundated with people requesting access to our archival collection. Unfortunately access has to be monitored and a staff member must always be present to assist researchers for the sake of the security and presentation of our collection.

Please visit the museum shop for all your Christmas gift requirements. The museum shop stocks original Marion Mangold artworks and now also has a laser cut puzzle in an attractive custom-made wooden box in stock. At only R80, it surely is a bargain and a thoughtful Christmas gift.

DIE LAASTE SÊ:



V: "HOE OP AARDE GAAN
JY DAWID UIT HIERDIE
KLIP LAAT KOM?"

A: "DIS HEEL MAKLIK -
EK GAAN ALLES WEGKAP
WAT NIE SOOS
DAWID LYK NIE..."
